Oor Plakboek, wat Laurika en Amanda Strydom by die KKNK 2005 aangebied het:

FEESKOERANT
31 MAART 2005
Hannelie Booyens

Laurika en Amanda is op die kruin van hulle lang loopbane soos natuurkragte wat jou meeslur op ‘n wonderlike vervullende reis...Hulle verstaan, waardeer en respekteer mekaar se musiek en hul samekoms is gestroop van enige nydigheid en kompetisie. Hulle vul mekaar ontroerend mooi aan. Teen díe tyd ken Laurika en Amanda hul aanhangers só goed dat hulle presies weet watter snare om wanneer te tokkel…Die enigste vals noot (eintlik ‘n tragedie!) is dat die vertoning reeds lankal uitverkoop is.

PRETORIA NEWS
20 MAY 2005
Magdel du Preez

These days everybody is a diva…Thank heaven there are still some real divas left: Laurika Rauch and Amanda Strydom… The show is a perfect combination of the different styles of the performers – Strydom’s cabaret and Rauch’s concerts…There’s the familiarity and intimacy of the cabaret and boisterousness of the concert….Rauch and Strydom deserve their reputations as divas. Their show is brilliant.

DIE BURGER
1 April 2005
Jackie du Preez

Ek vertel Laurika Rauch van my gevoel Maandagaand in haar en Amanda Strydom se eerste gesamentlike optrede op die KKNK in hulle vennootskaplike *Plakboek.* Dat, al het wát ook al gebeur, niks en niemand die mense wat die Burgersentrum volgepak het, sou kon oortuig het dat hulle nie briljant is nie. (Twee groot vlieë met een klap, het een feesganger dit genoem.)

Sy kyk my effe vreemd aan, begin dan lag.

Is daar in haar loopbaan van 26 jaar al ooit ‘n slegte resensie oor haar werk geskryf, wil ek weet van die sanger/interpreteerder wie se loopbaan in 1979 met ‘Kinders van die wind’ woema gekry het.

Ek weet nie van ‘n volledige slegte resensie nie, sê sy taktvol. “maar daar is al ‘n sin in my rigting gegooi. Ek het dit ter harte geneem …en gebruik dit om my te slyp.” Later: “daar is mense wat gisteraand in die gehoor was en sê hulle kon die warmte vanuit die gehoor na ons toe voel”

Die laaste vrae volg per e-pos. Is jy gelowig? “Ja” Wat inspireer jou? “My man, my kinders, laatmiddaglig, vrye tyd, mense.”